

Die Here bly getrou aan sy Woord

Een van die kernsake wat ons ten opsigte van die verbond altyd moet onthou is dat die God van die verbond onveranderlik is. Hy is wat Hy is. Elke woord wat Hy gespreek het is waar en betroubaar. Elke belofte wat Hy gemaak het sal waar word. Hy het aan Abraham 'n belofte gemaak en deel van hierdie belofte was dat Hy ook 'n land aan hom sal gee.

Wanneer die Here Moses roep om Israel uit die slawerny van Egipte te verlos, was Israel dit nie regtig werd nie. Israel was in Egipte nie werklik 'n volk wat geleef het voor die aangesig van die Here nie. Ons sien dat die volk selfs terugverlang en Moses verwyt dat hy hulle uit Egipte laat optrek het. Israel het swaar gekry in Egipte en die Here het hulle gekerm gehoor. Die Here wat aan Abraham en Isak en Jakob verskyn het (vers 2) en die land Kanaän aan hulle belooft het (vers 3), het aan sy verbond gedink (vers 4) en laat weet deur Moses aan die volk dat Hy hulle na die land sal bring wat Hy met 'n eed aan Abraham belooft het (vers 7). Elke woord wat die Here spreek is as't ware 'n eed wat Hy aflê. Sy naam is verbind met dit wat Hy belooft. Hy verlos Israel op grond van sy belofte aan Abraham.

Dit word in die geskiedenis van Israel 'n refrein wat telkens voorkom. Omdat Ek gedink het aan my verbond (beloftes) aan Abraham sal Ek dit of dat doen vir hierdie volk.

Jesus Christus is vir ons die konkrete voorbeeld van die vervulling van God se beloftes. Na die sondeval belooft God die Saad van die vrou wat die kop van die Satan sal vermorsel. Deur die offer aan die kruis en die oorwinning oor die dood sien ons die vervulling van hierdie moeder van alle beloftes.

Wanneer 'n mens herinner word aan die getrouheid van God, dat sy beloftes waar en betroubaar is en 'n mens dink dan aan die beloftes wat vir ons ook geldig is, dan staan 'n mens eintlik verstom. Ten minste twee van hierdie beloftes moet elke dag vir ons 'n groot stuk werklikheid wees waarin ons ons verlustig: In die doop is dit ook aan ons herbevestig dat die Here ons God is en die God van ons kinders en hulle kinders sal wees. Daar is ook altyd die belofte wat Jesus gemaak het dat Hy met ons al die dae van ons lewe is. Dit is werklik louter vreugde en rede tot getroue dankbaarheid om verseker te wees dat die Here se woord nooit sal vergaan nie en dat ons die vervulling van hierdie beloftes beleef en sal beleef.